



Liewe Familie en Vriende,

Baie dankie vir elkeen se belangstelling, voorbidding en finansiële bydraes.

Dit gaan goed met ons as familie. Jean-Pierre het Covid gekry en KC het kort daarna ingeval. Deur die genade van ons Heer is Jean-Pierre weer gesond en terug by sy werk. KC is nog positief maar baie beter. Hy sal as die Here wil weer oor 2 weke kan skool toe gaan.

Dit is net 'n kort briefie om terugvoer te gee en ook te vra vir voorbidding.

- Pastoor Jonoro.

Pastoor Jonoro het laas-maand siek geword. Hy sukkel maar met hoë bloeddruk en baie spanning is nie goed nie. Sy oë was geaffekteer en hy moes baie rus. Ongelukkig stres hy meer as hy nie by die gemeentetjies en sy dissipels uit kom nie. Soos Hanitra, sy vrou sê, hy ontspan meer as hy werk as wanneer hy net moet rus. Hy kon egter nie baie op sy foon en rekenaar werk nie en kon dus nie sy daaglikse en weeklikse boodskappe op FB uitstuur nie. Ons vertrou dat hy gou weer die volle gebruik van sy oë sal terug hê.

Stilsit was egter min. Laas week was hy eers na hulle kerk se sinode in Antananarivo. Daarna is hy, Mady (een van ons studente van Morondava wat baie toegewyd is) en 'n paar ander na Morombe, noord van Toliara. Hulle het pioniers evangelisasie-werk daar gaan doen en het 5 leiers opgelei en gehelp om 3 kerkies te plant. Hy vra dat ons asseblief vir hierdie nuwe leiers sal bid en dat hy hulle weer kan gaan besoek om opvolg werk te gaan doen.

Ek sit weer 'n paar foto's in om die storie te vertel.

- Vergadering met Africa Inland Mission (AIM), Gordonsbaai-gemeente. Leon en Carmen, en ons. Ons het al vordering gemaak en het 'n paar moontlike datums in September. Ongelukkig is Ds Melissa Hofmann van Gordonsbaai ook siek met Covid, maar ons vertrou dat ons wel 'n vergadering kan hou om die pad vorentoe te bespreek. Bid ook asseblief vir haar en vir die vergadering.
- Beplande besoek aan Madagaskar. Ons het nog nie weer gehoor of Madagaskar wel hulle grense in Oktober gaan oop maak nie, maar Suid Afrikaanse vlugte kan dalk nog steeds geweier word. Bid ook asseblief vir ons beplande besoek daarheen om vir Leon en Carmen te gaan bekendstel.

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning om die Koninkryk in Madagaskar te laat kom.

Ek plaas die foto's van Jonoro se uitreik op die volgende bladsy.

Groete en seënbede.

Carel en Annetjie

## MOROMBE

Morombe is 'n dorp tussen Morondava en Toliara maar kan per pad net van Toliara bereik word. Die pad is baie onbegaanbaar. Johan Badenhorst van Voetspore het daarlangs gery. Die mense van daardie area is van die Veso-stam. Hulle is see-mense en baie bekend vir hulle vaardighede met seevaart en visvang. Mady is ook 'n Veso, maar nou is hy 'n "visser van mense".



Byeenkomste is baie informeel.



Daar is mense wat die Bybel kan lees



Baie mense het die Evangelie gehoor.



Pastoor Jonoro links op die foto en pastoor Mady regs.



Ons dank die Here vir gesinne wat tot geloof gekom het.